# 24 Januarie 2024 - Lesing 222 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God spreek deur die kragte van die natuur **–** 25/9/61

**NO: 8002** Ek verwag van My dienare **‘n totale inset** vir My en My ryk, want die groot nood van die mense verlang dit. Slegs ‘n kort tydjie skei julle almal van die einde en wat nog gedoen kan word, moet gedoen word vir die redding van die siele. Die aarde sal waarlik alles weer verslind wat as mens gefaal het **en dit is so ‘n verskriklike lot** dat Ek dit van elkeen van julle wil afwend. Maar julle neem self die laaste beslissing in vrye wil.

Ekself kan vêrder niks meer doen as om julle voortdurend aan te spreek nie. Deur julle steeds weer te waarsku en te vermaan en elkeen wat My hierin ondersteun sal deur My geseën wees. En daarom moet die einde wat naby is steeds weer verkondig word en daar moet melding gemaak word **dat Ek My vooraf nog eenmaal duidelik sal openbaar deur ‘n geweldige natuurkatastrofe.** Want dit is My laaste waarskuwing as Ek spreek deur die kragte van die natuur tot die mense, wat nie na My Woord wou luister nie.

Hierdie taal kan egter nie oor die hoof gesien word nie, want **vol ontsetting** sal die mense gekonfronteer word met ‘n **onbegryplike groot natuurgebeurtenis**. Geen mens sal onaangeroer bly daardeur nie, want die berig daarvan sal oral waar mense woon bekend word. Elke mens kan dan in sy gedagtes ‘n standpunt daaroor inneem en iedereen kan hom persoonlik betrokke voel omdat so ‘n gebeure ook sy land en homself kan tref. **Want die mense sal ‘n herhaling vrees en moet hul daarom ook almal voorberei op ‘n skielike dood.**

Baie leed en ellende sal nog oor die aarde kom en tog is dit slegs ‘n middel wat Ek aanwend uit Liefde **om die siele te bewaar vir die verskriklike lot van ‘n hernieude kluistering in die materie van hierdie aarde.**

Maar die mense wat getref sal word deur die natuurkatastrofe en daaraan ten offer val, sal nie genadeloos prysgegee word aan hul lot nie. **Hul val weens hul vroegtydige afskeid uit die aardse lewe ‘n genadegawe in die hiernamaals ten deel.**

Hulle het dus nog die moontlikheid om in die hiernamaals tot die lig te kom wat hulle op aarde ongeag gelaat het. En hulle hoef ook die hernieude kluistering nie te vrees nie, tensy hulle so verstok is dat hulle as ware duiwels neersink in die diepte. Dat hulle dus so onverbeterlik is dat hulle ook op die aarde nie sou verander het nie, indien hulle in lewe gebly het.

Die uitwerking van die natuurkatastrofe sal verskillend op die mense wees, want daar sal mense in hul angs tot My keer en weens die hulp wat ervaar word, My trou sal bly. Maar ook sal daar baie afval van My, omdat hulle geen God van Liefde aanvaar Wie so ‘n vernietigingswerk laat gebeur nie, want hul duistere geestestoestand kan geen ander verklaring vind vir die gebeure nie.

**Daar moet egter so ‘n duidelike “stem van Bo” weerklink**, ongeag of dit erken word as My stem of nie, want alles gaan waarlik met rasse skrede die einde tegemoet. En al vind slegs weinig siele in hul nood die weg tot My, dan is dit tog ‘n wins. Want hulle hoef dan nie die lang weg te gaan deur die skeppings van die nuwe aarde nie, maar mag die ryk hierna ingaan. En hier kan hulle nog ‘n vooruitgang bereik wat op aarde twyfelagtig sou gewees het, want daar bestaan eerder ‘n kans van ‘n wegsinking in die diepte.

En Ek moet julle, My dienare, dit alles ter oorweging gee, want **julle moet “gewapen” wees**. Julle moet alles wat om julle heen gebeur maar net van hierdie kant leer beskou. Julle moet julleself geheel aan My toevertrou en as My “werktuie” voortdurend werk volgens My wil.

Julle moet al julle gedagtes aan die wêreld opgee en elke sorg, ook die kleinste, toevertrou aan My. Julle moet met **toewyding** julle arbeid verrig in My wingerd, maar steeds ag gee op die “**innerlike instruksies**” wat Ek julle gee. Want teveel ywer skaad, terwyl, om te slaag, wysheid nodig is. Die wysheid sal julle ontvang as julle My wil vervul en slegs “uitvoerders” is van My wil.

En Ek weet dat julle, My dienare, julle opdrag ernstig opneem en daarom kom die instruksie voortdurend na julle, dat julle dit in julle harte sal gewaarword as My liefdevolle toespreking en dat julle darom daaraan gevolg sal gee tot welsyn van julle medemens.

O, as die mense maar net geweet het wat hulle te wagte staan. Maar as dit aan hul verkondig word deur die mond van My profete, dan glo hulle dit nie en hulle kan ook nie tot geloof gedwing word nie.

Maar die dag kom steeds nader waarin daar ‘n algehele verandering sal kom in die lewensomstandighede. En geseënd is dan die mens wat tot My roep in sy grootste nood.

Want Ek sal hom dan hoor en ook verhoor en hy sal dan nie meer vir ewige lang tye verlore gaan nie. Amein.